

Fisieke inperking- of gestremdheidsuitgawes voorgeskryf deur die kommissaris

Tshwane, 29 Oktober 2021 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die wetlike reg om 'n lys te publiseer van kwalifiserende mediese uitgawes wat noodgedwonge aangegaan en betaal is deur 'n persoon gedurende 'n jaar van aanslag ten opsigte van enige fisieke inperking of gestremdheid gely deur die persoon of enige afhanklike van die persoon (gestremdheidslys).

Die gestremdheidslys is opgedateer na 'n uitgebreide publieke beraadslagingsproses en gepubliseer met intreding vanaf 1 Maart 2020 (die 2020-gestremdheidslys). In die laaste deel van 2020, het SARS egter kennisgeneem van publieke bekommernisse ten opsigte van die verandering in die berekening van die kwalifiserende mediese uitgawes ten opsigte van skoolfooi.

Om hierdie rede, en na deeglike oorweging, het SARS die besluit geneem om terug te keer na die metode van berekening van kwalifiserende mediese uitgawes vir skoolfooi soos uiteengesit in die 2021-gestremdheidslys. Hierdie verandering sal terugwerkend intree vanaf 1 Maart 2020. Die bewoording in deel F, paragrawe 7 en 8 van die hersiene 2020-gestremdheidslys, lees nou as volg:

7. Spesiale onderrig skole vir leerders met gestremdhede. Kwalifiserende uitgawes sluit in -

- Skoolassistent- of klaskameronkoste; en
- skoolfooi, beperk tot die bedrag wat die fooi oorskry wat betaalbaar sou wees indien die persoon die naaste fooi-betalende publieke skool bygewoon het wat nie spesialiseer in leerlinge met spesiale onderrigbehoefte nie.

8. Skole wat nie spesialiseer in leerders met spesiale onderrigbehoefte nie, beperk tot die addisionele uitgawes aangegaan en betaal as gevolg van die gestremdheid.

Die 2020-gestremdheidslys is hiervolgens aangepas en gepubliseer op die SARS-webtuiste op 29 Oktober 2021. Dit is toeganklik deur die volgende skakel: <https://www.sars.gov.za/types-of-tax/personal-income-tax/tax-and-disability/>.

Neem asseblief kennis dat belastingpligtiges wat deur hierdie veranderinge geraak word, diene is wat se kinders met 'n gestremdheid saamleef en 'n privaat skool bywoon vir kinders met spesiale onderrigbehoefte.

Belastingpligtiges wat geraak word en reeds 'n 2021-inkomstebelastingopgawe ingedien het, word versoek om op hul eFilingprofiel in teken, of hul naaste SARS-tak te besoek (slegs per afspraak) om:

- 'n versoek om regstelling (RFC) te rig; of
- 'n beswaar aan te teken*.

Hierdie opsies sal die belastingpligtige in staat stel om die bykomende voordeel te eis soos uiteengesit in die 2020-gestremdeheidslys.

* Belastingpligtiges moet slegs 'n beswaar aanteken indien die RFC-opsie nie beskikbaar is vir die 2021 jaar van aanslag nie.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.